

Terugvoer Staatsreg 312 Toegepaste Skryfopdrag 2017 Aansoek A

Die Toegepaste Skryfopdrag beoog om verskeie substantiewe- asook generiese leeruitkomste wat vir Staatsreg 312 vasgestel is, te bereik. Sommige van die toepaslike substantiewe leeruitkomste sluit in:

- Die vermoë om Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak en wetgewing wat verband hou met spesifieke menseregte, te lees, te analiseer en krities te evalueer.
- Die vermoë om die toepaslike menseregte-beginsels en regspraak van toepassing op 'n gegewe stel feite of probleem te identifiseer.
- Die vermoë om die betrokke reëls, beginsels en regspraak op 'n gegewe stel feite toe te pas ten einde toepaslike grondwetlike argumente te formuleer.

Die relevante generiese uitkomstes sluit verder in:

- Die vermoë om:
 - o deeglike regsnavorsing te doen en skryfvaardighede in die konteks van menseregte te bemeester.
 - o die toepaslike navorsingsmateriaal te identifiseer en toe te pas in die oplos van spesifieke menseregte-probleme.
 - o materiaal te organiseer en te analiseer.
 - o duidelike, logiese argumente met behulp van die aanvaarde metodes van grondwetlike argumentvoering te ontwikkel.
 - o skryfstyl- en verwysingsriglyne akkuraat toe te pas.

Daar moet in gedagte gehou word dat geen onafhanklike navorsing vir die Hoofde van Betoog verlang was nie. Die identifisering en toepassing van die “navorsingsmateriaal” verwys dus na die relevante, voorgeskrewe en aanbevole bronne, veral regspraak.

Inhoud van die werkstuk (60)

Ten einde oortuigende regsargumente ten opsigte van Aansoek A te formuleer, moes u hoofsaaklik op die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000 (“Gelykheidswet”), geïnterpreteer in die lig van die relevante grondwetlike waardes en regspraak (soos *Walker*, *Pillay* en *Jordaan*), gefokus het. Dit is die implikasie van die subsidiariteitsleerstuk. Die mees algemene substantiewe fout was u versuim om die logiese stappe van 'n Gelykheidswet-analise sistematies op die gevallestudie toe te pas. Soos in die klas en in die seminare verduidelik, is die “*Harksen*-toets” slegs indirek van belang ten opsigte van die interpretasie van die relevante artikels van die Gelykheidswet, en word nie meer direk in die geval van onbillike diskriminasie toegepas nie.

Net so, is die algemene beperkingsklousule (artikel 36) slegs direk relevant indien die grondwetlikheid van die bepalings van die Gelykheidswet aangeveg is (wat nie die geval in Aansoek A was nie). Dit mag indirek relevant wees vir die interpretasie van die “billikheidsfaktore” soos vervat in artikel 14 (veral artikel 14(3)(f) – (h)) van die Gelykheidswet.

‘n Aantal van u het na artikels 7 en 8 van die Gelykheidswet verwys. Hierdie artikels kon help om u argumente rakende onbillike diskriminasie te ondersteun, maar u moes nog steeds die bewyslas-bepalings in artikel 13, en die billikheidsondersoek in artikel 14 toepas.

U moet duidelik onderskei tussen die rol van menswaardigheid as 'n onafhanklike reg in artikel 10 van die Grondwet, en die rol van menswaardigheid as 'n waarde in die verskeie stappe van 'n onbillike diskriminasie-ondersoek in terme van die Gelykheidswet. Aangesien u uitdruklik gesê is dat hierdie 'n onbillike diskriminasie aansoek kragtens die Gelykheidswet is, is menswaardigheid relevant as 'n waarde in die interpretasie van, byvoorbeeld, die ongelyste gronde van diskriminasie vervat in die definisie van “verbode gronde” in artikel 1 van die Gelykheidswet, asook die billikheidsfaktore in artikel 14.

Net so is u uitdruklik opdrag gegee om 'n saak van onbillike diskriminasie in terme van die Gelykheidswet te argumenteer. Gevolglik was uitgebreide argumente rakende sosio-ekonomiese regte nie direk relevant in die konteks van Aansoek A nie (in teenstelling met Aansoek B).

Die bewyslas-bepaling in artikel 13 van die Gelykheidswet is juis dit – dit bepaal op wie die bewyslas rus om vas te stel of die diskriminasie billik of onbillik is met verwysing na artikel 14. Omdat hierdie las op die Stad rus, beteken dit nie dat die diskriminasie "outomaties onbillik" is, soos sommige van u geargumenteer het nie. Dit beteken eerder dat die bewyslas op die Stad rus om te bewys dat die diskriminasie billik is met verwysing na die faktore in artikel 14. U moes nog steeds u kliënt se argumente en teen-argumente ten opsigte van die onbillikheid van die diskriminasie ingevolge artikel 14 uitlê.

Nog 'n algemene fout wat u gemaak het, was om nie die toetse vir “diskriminasie” en “verbode gronde” soos omskryf in artikel 1 van die Gelykheidswet, toe te pas nie. Let ook op die toepaslikheid van die voorskriftelike beginsel op sosio-ekonomiese status in artikel 34, saamgelees met die definisie in artikel 1. Dit was tydens die lesings oor die Gelykheidswet in die klas bespreek.

'n Herhaling van die feite, die aanhaling van lang gedeeltes uit die *Harksen*-uitspraak, en omvattende aanhaling van wetgewing en regulasies het afbreuk gedoen aan die ruimte wat u beskikbaar gehad het om oortuigende regsargumente te formuleer!

Dit is van kardinale belang dat u argumente regsgeldig van aard is. Dit vereis dat elke argument deur toepaslike regsgesag, naamlik tersaaklike wetgewing (in hierdie geval, die Gelykheidswet) en relevante regspraak, ondersteun word. U moes dus demonstreer dat u die Gelykheidswet en die regspraak gelees en verstaan het. Dit moes duidelik uit in-diepte wetgewing- en saakontledings (vergesel van verwysings na die tersaaklike afdelings in die Gelykheidswet en die tersaaklike paragrawe in die regspraak) blyk. 'n Behoorlike regsontleiding sal u argumente staaf en oortuigend maak.

Struktuur van u werkstuk (10)

Indien u 'n opstel ingedien het, is u struktuur heeltemal onvoldoende en het u nie aan die kernvereiste van hierdie opdrag voldoen nie.

Of u regsargument uiteindelik oortuigend is of nie, sal deur die struktuur van u argument beïnvloed word. Daar is voorgestel dat u opskrifte gebruik wat die logiese vloei van u argument weerspieël. U opskrifte moet dus die vernaamste regsbeginsele soos hierbo bespreek, aanspreek, byvoorbeeld:

1 Inleiding

2 Regsraamwerk

Hier verwag ek dat u na artikel 9 en die verordening van die Gelykheidswet verwys. Daarna moes u die implikasies van die subsidiariteitsleerstuk, soos uiteengesit in die *Pillay*-uitspraak, op die benadering wat u in u Hoofde van Betoog gaan aanneem bespreek.

3 Argument

Hier verwag ek dat u die logiese stappe om die bepalinge van die Gelykheidswet op die feite toe te pas te volg, en u argumente met regspraak, waar toepaslik, ondersteun:

- 3 1 Die verbod in artikel 6.
- 3 2 Die definisie van “diskriminasie” in artikel 1.
- 3 3 Verbode gronde (artikel 1 saamgelees met artikel 34).
- 3 4 Regstreekse en onregstreekse diskriminasie (*Walker* en *Jordaan* se minderheidsuitspraak).
- 3 5 Die bewyslas (artikel 13) (*Pillay*).
- 3 6 Billikheidsondersoek (artikel 14) (*Walker* en *Pillay*).

4 Remedies

Hier verwag ek dat u na artikel 21, spesifiek artikels 21(b), (f) en (m), verwys.

5 Gevolgtrekking

Styl, toon en taalgebruik (10)

U moet terminologie soos dit in die Grondwet en regspraak gebruik word, byvoorbeeld "onbillike diskriminasie" eerder as "onredelike diskriminasie", gebruik. U moet noukeurig na die taal van die Grondwet verwys en verseker dat enige aanhalings presies ooreenstem met die oorspronklike.

Hoofde van Betoog vereis formele taalgebruik. Die gepaste register moet dus gehandhaaf word. U moet ook probeer om emosionele taalgebruik en uitdrukkings te vermy.

Moenie feite of argumente herhaal nie en moenie alle relevante bepalings volledig in die hoofteks van u Hoofde van Betoog aanhaal nie.

Gebruik altyd die Afrikaanse speltoetser. Vir diegene wat in Afrikaans skryf, onderskei tussen enkelvoud (byvoorbeeld, "kriterium") en meervoud (byvoorbeeld, "kriteria"). Maak seker dat u die werkwoord aan die einde van 'n sin plaas. Onthou asseblief ook, wanneer u in Afrikaans skryf, om die Afrikaanse afkortings vir die betrokke howe in u werkstuk te gebruik, byvoorbeeld (KH) in plaas van (CC).

Wanneer daar na wetgewing verwys word, is dit die "Wet" en nie die "wet" nie.

U moet na die "Grondwet" (hoofletter) verwys, maar in kleinletters wanneer u byvoorbeeld na "grondwetlike regte" verwys.

Sake se name moet deurlopend gekursiveer word (dit sluit in wanneer u na die verkorte saaknaam verwys bv. *Walker*).

Skep die korrekte afkortings soos uiteengesit in die Regsfakulteit se Skryfgids, insluitend vir wetgewing soos die Gelykheidswet en die korrekte verkorte saakname soos *Walker, Pillay and Jordan*.

Verwysings (15)

Dit is uiters noodsaaklik om na wetgewing en regspraak te verwys in u Hoofde van Betoog ten einde 'n regter te oortuig van die meriete en gesag van u argument. Benewens die verwysing na wetgewing en regspraak, kan u na sekondêre bronne soos akademiese kommentaar verwys. Hoofde van Betoog wat slegs na sekondêre bronne verwys, sal waarskynlik nie op regsgronde ondersteun deur regsgesag, oortuigend wees nie. Wanneer u na wetgewing en regspraak verwys, is dit noodsaaklik om na spesifieke artikels en paragrawe te verwys. Dit wys die regter waar presies die gesag vir u argument gevind kan word. Dit wys ook die dosent dat u inderdaad die wetgewing en uitsprake gelees het.

Tegniese versorging (5)

Dit skep 'n uiters swak eerste indruk indien u die “*track changes*” of kommentaar van die skryfkonsultante in u ingehandigde opdrag laat.

Onthou om u kantlyne te blokkeer.

Onvanpaste gebruik van hoofletters skep ook 'n slegte indruk. Dit is byvoorbeeld “menswaardigheid” en nie “Menswaardigheid” nie.

Ongelyke lyn spasiëring, oneweredige gapings in u teks, en tussen u teks en leestekens, lyk onprofessioneel.

U moet altyd u werkstuk (of Hoofde van Betoog, in praktyk) verskeie kere deeglik proeflees voor u dit inhandig!